



## Nomades nuusbrief & roete terugvoer : April 2014



### NUWE Klub Bankrekening inliging.

Soos versoek deur Nomades se lede is n nuwe bankrekening geopen by **Standardbank-Castle walk** tak na 3 besoeke van my en een elk van Jannes en Wilna en heelwat Epos wisseling. Dankie ook vir julle tyd om dit te laat gebeur.

Dit is 'n klub(Society)-**Spaar**-rekening in die naam van **“NOMADES”**.

Die Nuwe rekening nommer is **04-617-100-2** en die takkode is **014645** by **Castle Walk** tak.

Ek het alleen 'n autobankkaart en internetbankdiensstetoegang en enige 2 van ons kan enige transaksie in n tak doen.

*Die ou spaar rekening in die naam van 'Marius Stander' sal ek nog oophou tot so middel Mei en dan toemaak.  
Verander dus asb die 'begunsdige' inligting op julle stelsels so gou moontlik*

Vir **Roete besprekings** en om te hoor of daar nog plek op n roete is, kontak asb eerste vir Wilna Moolman, ons bekwame en ywerige voorsitster by [MoolmanW@dwa.gov.za](mailto:MoolmanW@dwa.gov.za) of 082 804 2830.

Sy hou al die besprekings lyste in stand en dan doen ek die oorbetalings aan die roete eienaars en maak seker almal het hulle gelde inbetaal by die klub.

Op die maandelikse klubaande wat Jannes elke maand vir ons reël die eerste Dinsdag aand van die maand by Alkantrand biblioteek is die lyste ook beskikbaar om in te vul.

**Vrydag 18 April tot Maandag 21 April. Inkosana Lodge – Sentrale berg – Monks Cowl Area.** *Inkosana Lodge and Trekking*  
Wouter, Reneé, Tiffany Crous; Temé Adonis; Jan en Corrie du Preez; Marius Stander, Kobie Venter, Jacky Herbs, Karin Krook, Isabel Baatsen, Ria Hugo; Karin Martin, Gundi Du Toit en Petra Neethling; Ester de Castro; Cornea Maree; Wilna Moolman\* en Christo Vlok\*; Hein\* en Erika Baak\*, Ronald Nothard\*, Christelle Raubenhaimer\*, Marlene du Preez\* en Graig Murdock\* (\*Tenters) stap saam. Karin Smith en Gerrit Botha kuier net Vrydag aand saam met ons a.g.v. voertuig probleme.



Crystal falls.

Aangesien die N11-Ladysmith bordjie nie meer op die N3 (by die R616-Bergville) bordjie is nie, het verskeie persone ietwat verder gery of grondpaadjies gery na Inkosana, maar teen laatmiddag Vrydag was almal daar. Almal het ingeboek in hulle onderskeie kamers, baie netjies opgemaak met lakens, duveis en komberse en self verwarmers in die kamers. Die een kombuis in die lodge word hoofsaaklik deur ons groep gebruik. 'n Lekker bonus was die tee/koffie/suiker/melk wat ook voorsien was en n Groot yskas. Die tenters moes ietwat ver loop met al hul bagasies maar die uitsig op die berg op hulle gras-kolletjie langs die dam/swembad/vis-dam het verseker daarvoor opgemaak. Die lodge het



ook 'n lekker groot algemene sitkamer waar sommige meer as ander die stilte soms gaan opsoek het en lekker gerus/geslaap het. Vrydagaand braai almal gesellig saam rondom die buite vuur. Goeie weer gewees en geen reën nie. Nie te koud nie.



Saterdag oggend 7:30 kom 23 persone by die motors bymekaar en ry sowat 7km aan met die R600 verby die Wits end resort, Champagne castle hotel en die Drakensberg seunskoor se terein. Na een kyk oorkant die pad van lodge het n ywerige golfer my 'verwyt' ;) dat ek per ongeluk aan die verkeerde kant van die pad 'n bespreking gemaak het. Motors geparkeer by die KZN Wildlife-Monks Cowl kampterein(+ 1480m bo seevlak), administrasie afgehandel en die steilte aangepak met groot ywer op pad na die Sphinks('n groot ronde prominente rots), nadat ons verby die Crystal falls gestap het. Nog op en op en by die Breakfast stream weer bietjie asem gekry. Daarna raak die helling matiger op die gras-bedeekte uitloper en 'n km of twee later bereik ons die afdraai na Kwartlands pass (+ 2054m). Ja, ons het meer as 500meter gestyg!. Eers gestop en fotos geneem van Cathkin peak(3148m), Sterhorn of Mt Memory(2973m), Turret of Tower(2670m), die Amphlets en dan baie herkenbaar Gatberg of Intunja in die verte.



Dan begin die groot AF met Kwartlands pas. Treetjie vir Treetjie oor die duisend en een (of so voel dit) hout-paal trappies teen die steilte af. By nog 'n watervalletjie gestop vir middagete. Lekker vars Berg-water uit die stroom geniet. Dan nog Af en Af. Later gekom by n afdraai waar n paar persone die kort roete na die kampterein neem. Hulle het sowat 11Km gestap die dag. Sommige draai dan links by die T en gaan kyk eers na die Nandi valle na n redelike opdraande weer soontoe ook. Baie Mooi. Die meeste is toe terug al langs die Mpofane rivier en kamp toe. Hulle totaal was sowat 14.5Km vir die dag. Ons het maar Sterkspruit valle laat verbygaan. Ons voete en bene het ons koppe uitgestem op die een. Wilna en Christo het gewys hulle is nie bang nie en die lang ompad roete deur die Hlatikhulu forest gevolg, via die Sterkspruit valle na die kamp. 'n Totaal van sowat 18Km. Sien aangehegde kaart en hoogteprofiel. In-ag-genome die laaste valeitjie onder die Nandi valle het ons sowat 638m gedaal die 2de deel van die dag. Almal was sowat 15:30 terug by die motors en het so gou mootlik die lodge bereik sodat skoene kon uit. Saterdag aand eet 8 van ons by die lodge. Lekker lensiesop, tuisgebakte brood, gemenge- beet- en wortel-slaai met n koejawel-kaaskoek daarna. So lekker, maar veels te veel. Die meeste ander braai weer buite en Jan maak weer sy legendariese pap. Ek kon die volgende oggend darm nog skeppie kry vir ontbyt.

NANDI's

Sondag oggend rondom 8:00 vat 21 van ons die pad en ry weer sowat 7 km in die ander rigting (wel meeste van ons) en bereik Drakensberg Sun hotel. Nadat almal ge-ariveer het en die perмите uitgereik is en almal besluit het watter van die 3 roetes hulle wil loop is ons op pad. Sowat helfde het die korter sowat 6-7km Grotto paadjie geloop. Die ander het die langer kombinasie roete geloop. Ons begin by die karpark met die Geel Ellis roete. Geen-genade-steil-op verby die Bergview chalets. Dan die grasvlakke. 'N klein draaitjie geloop in die ringting van die Cleopools, wat ons nie kon besoek aangesien dit nie op die hotel se gronde is nie. Dan skuins verby die aasvoël restaurant en dan Steil AF in die wonderlike-mooie woud waarin die Blue Grotto is. By die T aansluiting besluit n pa maar om eerder terug te gaan hotel toe om te gaan seker maak sy kredietkaart buig nie te veel met sy familie wat reeds by die hotel was nie. Nou is ons op die blou voetjies. By nog n klein watervalletjie gestop en dan op in die kloof na die Blue grotto valle, poele en grotte(oorhange). Ongelooflike mooi woud met varings, mosse en sommer net mooi. Kabouter wêreld. Besonders ook is dat die Canopy tours dan ook in die kloof-bo-oor ons afkom en hier en daar sien ons die brawes gly bo ons op die

12



gly-bane bo ons. By die Blue grotto lekker tyd spandeer. So drie lekker lawwes het geswem, of ten minste lyf nat gemaak in die vries-koue water, maar ooo so verfrissend. Isabel het weer haar stofie gestook en tee gemaak en Marius het weer sy koppie Tee ge-oes. Middagete op van die mooiste plekkies op die toer sover. Op en op en uit die kloof, bietjie grasvlakke. Hier het sommige somer 'n geleentheid op die Canopy Tours se lorries gekry terug kamp toe. Ons sal nie hier name noem nie. Ons ander 'Stappers' Stap die roete klaar via die Fernforest. Nou is ons op die Groen voetjies. Sommige in die regte rigting, wat ongelukkig hoofsaaklik in die son op die riffie was, maar ek glo met mooi uitsigte. Ander stap weer die roete teen die groen spoortjies en ons stap deur die Fernforest met

sy varings en besonderse paddastoeltjies, al langs die stroompie. Mooi, mooi mooi. Hoe beskryf mens dit. Dan is almal weer by die Hotel. Meeste drink 'n ietsie op die Hotel se stoep en laat die spiere en voete bietjie rus. Die vol sirkel was dan ongeveer 11Km. Sondag aand weer lekker vleis gebraai en net toe die kuier-vuur op sy mooiste brand, kom daar n buitjie reën wat die meeste injaag in hulle lekker warm bedjies in om vir n kuier om die groot hout tafel in die kombuis. Later het enkeles weer her-rys en nog n bietjie om die vuur gekuier na die buitjie wat nie te lank aangehou het nie. Maandag oggend maak party eers omelet, die tenters laat eers hul tente bietjie droog word en ander pak somer net langtand, want wie wil nou die mooi stukkie aarde verlaat en terug stad toe. Kobie, Ria en Jacky ry vroeg want hulle gaan eers Canopy tours doen 7:30. Ons glo dit was 'n ervaring. Sommige ontmoet mekaar weer langs die pad by die matwewery/kersmakery en Waffel-hut. Wie kan nou n lekker vars wafel met baie roomys weerstaan. 'n Naweek vol moeilike stukkie, steil berge, seer voete, spiere en knieë, pynpilletjies wat oor en weer aangegee is en somer net lekker saam-kuier. 'n Lekker anderste stap met baie gerieflike fasiliteite by Inkosana Lodge.

#### FINANSIES vir die Bergnaweek:

Gelde inbetaal :	
(13 lede en 14 nie-lede),(8 tenters, 19 hutters).	<b><u>R13,485.00</u></b>
Uitbetalings:	<b><u>R13,117.60</u></b>
Inkosana Lodge	R11,400.00
Toegangfooie by KZN Wildlife (MonksCowl)R35elkx23	R 805.00
Toegangfooie by Drakensberg Sun R20elkx21	R 420.00
6 sakke Brikette en 4 pakkies Blitz	R 195.80
Hout (6 sakke?)	R 120.00
Kleuruitdrukke van kaarte vir almal	R 100.00
Bankkoste (Kontant inbetalings/ontrekkings/oordragte)	R 76.80



## Spesiale Gesins-ledegede.



Op die April maand klubaand was daar 'n voorstel en die besluit is goedgekeur deur die vergadering om n "Gesins-ledegede" ook te skep. Vir R250 per jaar kan die 'hooflid'+3 gesinslede dieselfde voordele as vier volle lede geniet. Vroeër sou so 'n gesin R140x4 moes betaal. Die voordeel is hoofsaaklik dat die eggenoot en kinders dan bv. nie die ekstra stapfoote betaal nie. (R20 per persoon per nag) teenoor die R5 per nag-ledefooi. As daar stemmings is sal net die hooflid egter stemreg hê.

Enige persoon kan sy lidmaatskap opdateer deur die verskil net in te betaal en my te laat weet en dan vir die ander drie persone volledige aansoek vormpies (soos op die webtuiste onder [kontak ons] in te vul. Doen dit sommer aanlyn by <http://www.nomades.co.za/KontakOns.html>



## Volgende stappe

- **23-25 Mei 2014** Mount Komati River lodge naby Machadodorp en Badplaas (Die persone wat vir die Thabaphaswa bespreek het sal eerste voorkeur kry). <http://www.mountkomati.co.za/cp/15938/hiking-trail>
- **27-29 Junie 2014** – Makwekwe naby Nylstroom.
- **18-20 Julie 2014** – Bartlett's place (Kranskloof), naby Rustenburg
- **27-31 Julie 2014** – Walvis in die De Hoop natuurreservaat – Ongelukkig reeds vol.
- **8-10 Augustus 2014** – Blouwildebeest.
- **17-23 Augustus 2014** – Kosibaai – Ongelukkig reeds vol, maar net as julle dalk ook wil bespreek, sien : <http://kositourism.co.za/hiking/> vir meer inligting.
- **19-21 September 2014** – Bokkraal Waterval
- **17 Oktober.** Irma probeer nog reël vir Windy Brow by Cullinan, maar hulle is besig om heinings te skuif en padwerke met skietwerk, dus kan die eienaar nog nie nou nuwe besprekeing aanvaar of bevestig nie.
- **21-23 November 2014** – Nylsvley, tans plek vir 16 in die Hamerkop groepskamp. <http://www.nylsvley.co.za/>

**Webtuiste** : Besoek dan ook gerus ons webtuiste met die jaarprogram en heelwat ander inligting by [www.nomades.co.za](http://www.nomades.co.za) Lede kan inlog op die [Ledelys] en daar almal se Name/Vanne/Epos adres/Selfoon/Woonbuurt en Foto sien. Daar is ook n 'Google Map' kaart waar jy kan sien wie bly naby jou om saam-ry-reelings te vergemaklik. Op die Jaarprogramme is skakels na die meeste staproetes. Kliek net op 'n naam. As jy jou muis n rukkie stilhou op n roete, spesifiek vorige stappe, sal jy kan sien wie het almal saamgestap.

*Vriendelike stapgroete.*

*Marius Stander. Tesourier, Webmeester en Nuusbrief.*

[MariusStanderPTA@gmail.com](mailto:MariusStanderPTA@gmail.com) 083 305 6223; Werk:012 998 6267x116



Zulu Hut



